## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal.
STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Lené | du Toit | 10/26 |
| Netta | Smith | 10/26 |
| Karlien | Viljoen | 10/26 |
| Cecilia | Basson | 10/29 |
| Karin | Dalhouzie | 10/29 |
| Fanie | Nel | 10/29 |
| Wimpie | Steenkamp | 10/29 |
| Hantie | White | 10/29 |
| Rolene | Prins | 10/30 |

## STRAATWERK

"2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad.
'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die *Goeie Nuus van Jesus Christus* te hoor.
Hulle benodig handdoeke en seep asb. Kontak die Kerkkantoor vir meer inligting.

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

26 Oktober 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 26/10**
**Hervormingsfees**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Kategese
Spesiale Kollekte:
Basaar
**Dinsdag**
14h00 Klerebank
18h30 Kerkraad
**Woensdag**
17h30 Gebedsgeleentheid
**Vrydag**
18h00 Mamma Mia

**EREDIENSTYE 02/11**
09h30 L'Agulhas
Kategese
Sinodale Kollekte: Zimbabwe

## TIENDE DANKOFFER

*Oktobermaand is die maand van dankbaarheid. Dit is ook tradisioneel die tyd om te dink aan elkeen se tiendemaanddankoffer. Dis elkeen se persoonlike keuse oor of en hoeveel hy/sy wil gee. Baie dankie vir elkeen se bydrae.*

## HERVORMINGSONDAG

Hervormingsondag word op of naby 31 Oktober dwarsoor die wêreld deur gereformeerde kerke gevier. Gemeentes herdenk die begin van die Protestantse Reformasie, wat in die 16de eeu begin het. Op Hervormingsondag word ons herinner aan die 5 beginsels (solae) van reformasie:
1.Sola Scriptura - Slegs die SKRIF as die finale gesag vir geloof en lewe;
2.Sola Fide - Slegs deur GELOOF kan jy gered word, nie deur werke nie;
3.Solus Gratia - Verlossing geskied slegs aan die hand van GENADE;
4.Solus Christus - CHRISTUS is die enigste middelaar tussen God en mens;
5.Soli Deo Gloria - Alle eer aan GOD alleen.
Hoekom dan 31 Oktober? Dit is die dag in 1517 dat Martin Luther sy 95 stellings aan die kerk in Wittenberg se deur vasgespyker het. Die 95 stellings was 95 argumente teen die verkoop van "aflate" deur die Katolieke Kerk. Aflate is verkoop as 'n manier om die tydelike straf vir sondes in die vagevuur te verminder - dit is nie hoe ons glo nie. Dit het die begin van die REFORMASIE ingelei.

**Teksvers vir die week:** 2 Tim 3 : 14 & 'n geelte van vers 15 - Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif.

## Ons bid vir...

1. Seën op vanoggend se namaaldiens
2. 'n Goeie opkoms en baie baie pret met die komende viering van ons gemeente se verjaarsdag aan die hand van Vrydag se KARAOKE
3. Geesvervulde lidmate wat U met vreugde wil dien
4. Dinsdag se KERKRAADSVERGA-DERING.

## Nampo vleis te koop

Ons verkoop héérlike, gaar Kerrie lamsvleis, wat voorberei was vir NAMPO. Spesiaal vir die Desembervakansie wanneer kinders en kuiergaste op jou toesak en jy net kan uithaal! Die vleis is verpak in houers van ongeveer 5kg elk en word teen R100/kg verkoop. Ondersteun hierdie verkope en maak jou vrieskas vol!

**Wanneer**:

Woensdag 29 Oktober vanaf 09h00 - 11h00 in Struisbaaikerk. Kaartfasiliteite sal beskikbaar wees.

## GEMEENTEFEES - 31 Oktober

Kom geniet 'n aand vol pret en musiek. Met Karaoke sagteware sal jy toegang hê tot duisende liedjies in die databasis, dit sluit Pop, Rock, Kontemporêre Treffers, Golden Oldies, Afrikaanse Treffers en natuurlik al die ABBA - Treffers in om uit te kies. Daar sal 2 mikrofone wees en as jy 'n bietjie skaam is, breek deur jou gemaksone en sing dan saam met 'n vriend of in 'n groep. Musiek word heelaand gespeel, van 18h00 tot 22h00, so as jy nie wil sing nie, word jy steeds uitgenooi om te kom deel in die vermaak en kom lag lekker saam. 'n Rekenaarskerm met 'n liedjiesbiblioteek sal beskikbaar wees vir jou om deur te kyk en jou gunsteling liedjie te kies en hulp sal byderhand wees om jou met die proses te help in geval jy dit benodig. Kies jou lied, vat die mikrofoon en begin dadelik sing! Kaartjies is beskikbaar by die KERK-KANTOOR van Dinsdag tot Donderdag, 08h00 tot 12h00. R50 per volwassene en R30 per kind onder 12. BRING EIE VERVERSINGS.
Jy mag aantrek soos MAMMA MIA - karakters of soos 'n toeris op 'n Griekse eiland.

# Doen & Deel

## SKULPIESBAAIBLOKBYEENKOMS

Ons hou Dinsdag, 4 November, om 10h30 'n blokbyeenkoms in die Stuisbaaikerk. Kom geniet gerus 'n koppie tee saam.

## SUIDPUNTKOOR

Christa-Marié Williams, ons koorafrigter, het drie gepaste liedere gekies wat die koor vanoggend op HERVORMING-SONDAG gaan sing:
1. JUBILATE DEO - Juig oor God (Rejoice in God);
2. DONA NOBIS PACEM - Gee ons vrede ( Give us peace); en
3. CACCINI - Groot is die Heer (My soul magnifies the Lord).

## Dankie vir:

1. Die bediening van die Nagmaal.
2. Die voorreg om die Skrif in ons eie taal te hoor verkondig.
3. Die koor wat vanoggend optree.
4. Die heerlike viering van ons koor se tweede verjaarsdag saam met Christa-Marié en Karin.
5. Die lekkerte om Maandag saam met Coenie de Villiers te kon sing.
6. Die mooi video wat Franziska van ons koor gemaak het.

## NUWE INTREKKERSBOEK

As jy nuut is in ons gemeente, skryf gerus jou besonderhede in die intrekkersboek. Daar lê so 'n boek in albei ons kerkgeboue.

## SUIDPUNT OMGEE CHAT GROEP

Stuur 'n WhatsApp aan Edna by 0825842817 as jy wil aansluit by ons OMGEEGROEP.
Hier deel ons lief en leed met mekaar.

## KERSSANGDIENS - KOOR

Kom sluit by ons aan. Nou is die tyd! Ons begin in Oktober oefen aan ons repertoire vir KERSFEES! Ons oefen Donderdae in Struisbaaikerk, van 15h00. ALMAL is welkom! Kontak Christa-Marié by 0825562850.

## WENNER VAN DIE KWILT

Baie geluk aan CARINE TREDOUX wat die lootjie gewen het vir die kwilt wat Sandra Senekal geskenk het om uit te loot vir fondse om self vir ons nuwe koorbankies te kon betaal.
Dis die allermooiste kwilt!